# ONTDEKKING EN BEWARING VAN DIE WILLOWMORE-VERSAMELING VAN DOKUMENTE — 'N GEVALLESTUDIE

*J.C. Loock*

*Departement Geologie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

Deur 'n sameloop van omstandighede het verskeie persone 'n rol gespeel in die ontdekking, redding en bewaring van 'n enorme hoeveelheid dokumente (met 'n massa van sowat 227 kg) wat oor 'n periode van 50 jaar deur algemene handelaars in Willowmore geberg is. Hierdie versameling bevat dokumente wat normaalweg nie in 'n argiefbewaarplek voorkom nie en is dus vir die plaaslike en streekhistorikus 'n nuttige inligtingbron, aanvullend tot tradisionele bronne soos dié van plaaslike owerhede, kerke, skole en ander organisasies.

## AGTERGROND

Die dorp Willowmore (aanvanklik genoem Willow-Moore) wat in 1858 gestig is, ontleen sy naam aan die plaas Willow waarop die dorp uitgelê sou word en die grondeienaar daarvan, William Moore. Die naam Willowmore het egter algaande inslag gevind.[1]

Vyf jaar na dorpstigting het Robert Faehse, afkomstig van Augsburg in Beiere (Wes-Duitsland), van die klein Oos-Kaapse gehuggie Waterford na Willowmore verskuif. Daar het hy en 'n landgenoot, A. Fittig, die firma Faehse & Fittig begin. Dit is teen ongeveer 1873 deur R.J. Dobson oorgeneem, terwyl Faehse nog 'n aantal jare voortgegaan het om sy eie onderneming te bedryf. Teen 1893 het Karl Herbst, ook 'n Duitser van geboorte, saam met Fred Watts die firma Watts, Herbst and Company gestig.

Die opberging van dokumente wat sedert 1863 met geringe onderbrekings plaasgevind het, is op 3 Januarie 1909 beëindig toe Karl Herbst ná 'n fuifparty in Steytlerville op pad terug na Willowmore met sy kar en perde 'n vol rivier ingejaag en verdrink het.[2]

## ONTDEKKING VAN DIE DOKUMENTE

Terwyl 'n gebou in Knysnastraat gedurende Augustus 1984 gemoderniseer is om die Willowmore-drankwinkel en Pep Stores te huisves, het 'n klomp papiere uit die stukkende solder op die sypaadjie beland. Die destydse bestuurder van Pep Stores, P.G. Louw, het vir die aardigheid twee ou kwitansies en 'n brief opgetel en huis toe geneem. Veral die brief waarin J.J. Loock van die plaas Vleitjies in 1908 waterpype bestel het, het die belangstelling gaande gemaak.[3] Enkele dae later het die tienjarige Verushka Louw en 'n paar skoolmaats by die woonstel van mev. Susie Pitout (voorheen Loock, gebore Strydom) gaan sing ter voorbereiding vir 'n konsert. Daar het sy 'n foto van Vleitjies teen die muur gesien en dadelik van haar vader se ontdekking van die 'historiese' brief vertel. Verushka het daarop verneem dat mev. Pitout getroud was met J.J. Loock se jongste seun, Hendrik Stephanus (James), en dat hulle lank op Vleitjies gewoon het. Die volgende dag het die Louw-dogter die brief aan mev. Pitout geskenk.[4]



*Die dokumente was in die solder van hierdie gebou. Toe verbouings in 1984 aangebring is, is die solder afgebreek.**

*Alle foto's deur die skrywer.

Intussen het Ludwig Joubert, bestuurder van die Willowmore-drankwinkel, die massa dokumente op die solder ontdek en besluit om dit voorlopig na 'n veiliger plek in 'n buitekamer te verskuif. Kort daarna het J.C. Loock (die skrywer hiervan) Willowmore besoek om geologiese veldwerk in die distrik te doen. Sy groottante, mev. Susie Pitout, het die 1908-brief aan hom gewys en van die ontdekking van die dokumente vertel.[5] By Ludwig Joubert het hy ook na enkele van die briewe en kwitansies gaan kyk. Terug in Bloemfontein het die skrywer 'n geesdriftige versamelaar en kenner van posgeskiedenis, A.G.S. (André) Bezuidenhout, omtrent die Willowmore-vonds ingelig.

Onderhandelinge met Ludwig Joubert het daarna uitgeloop op 'n informele ooreenkoms waarin die dokumentversameling soos volg vir bewaring geskenk is: alle stukke wat op poskantoor- en spoorweggeskiedenis betrekking het, sou aan André Bezuidenhout oorhandig word, terwyl J.C. Loock die res sou ontvang. Bezuidenhout het sy deel van die Willowmore-dokumente gedurende Januarie en Maart 1985 na Bloemfontein geneem, en in April dieselfde jaar het die skrywer Willowmore besoek en agtien kartondose vol dokumente per spoor na die Vrystaatse hoofstad versend. Daar is vervolgens begin met die voorlopige sortering en klassifikasie van die dokumente — 'n taak wat deeltyds uitgevoer is en etlike weke geduur het.

[1] N. STEYN, *Gedenkboek van die 100-jarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Willowmore, 1864-1964* (Willowmore, 1964), pp. 2-4.

[2] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, MOOC 6/9/610: Sterftekennis nr. 76 van 1909; mededeling deur mnr. J.S.F. van der Vyver, Willowmore, 1.4.1985.

[3] Mededeling deur mnr. P.G. Louw, George, 24.9.1985.

[4] Mededelings deur mej. Verushka Louw, George, 24.9.1985 en mev. Susie Pitout, Willowmore, 23.9.1984 en 12.6.1985.

[5] Die skrywer se voorsate is afkomstig uit die distrik Willowmore en sy verlangse familie woon nog daar. Sy oupagrootjie, Johannes Jacobus (Hans) Loock, het destyds op Vleitjies geboer en sy oupa, Johan Christiaan Loock, was 'n ouer broer van James Loock, eerste eggenoot van mev. Susie Pitout. Die skrywer se aanvanklike betrokkenheid by die bewaring van die versameling spruit uit sy begeerte om dokumente oor die Loock-familie te bekom.

## AARD EN OMVANG VAN DIE VERSAMELING

Dokumente van 'n algemene handelaar is gewoonlik eiesoortig én wyduiteenlopend van aard, soos ook die geval met die Willowmore-versameling. Die verskillende kategorieë van dokumente word hieronder in breë trekke beskryf met 'n aanduiding van die aard en volledigheid daarvan asook die nut vir verskillende studievelde.

Die sowat 10 000 uitgaande briewe dek die tydperk tussen 1863 en 1907 en is vervat in die negentien brieweboeke wat bewaar gebly het. Van die belangrikste inligting het betrekking op handelstransaksies, markpryse, droogtes, die oplewing van verkope gedurende Nagmaalnaweke, gebeure in en om die dorp, skinderstories en allerhande ander nuusbrokkies. So is daar 'n redelik breedvoerige onthulling van 'n romantiese onbesonnenheid van ds. Adriaan Jacobus Louw Hofmeyr gedurende 1884. Na hierdie gebeurtenis en die gevolglike reperkussies word slegs sydelings verwys in 'n kort biografiese skets oor Hofmeyr.[6] Die inligting in die Willowmore-versameling sal stellig van nut wees vir iemand wat 'n studie wil maak van die lewe van hierdie eens gewilde jong predikant en latere politieke agitator.

In die uitgaande brieweboeke kom ongelukkig heelwat gapings voor, naamlik van Julie 1867 tot Desember 1870 en van November 1894 tot Junie 1902. Laasgenoemde periode sluit onder meer die Tweede Anglo-Boereoorlog in. Gevolglik het saam met die verlies van die paar brieweboeke moontlike ooggetuieverslae van die twee aanvalle van Boerekommando's op Willowmore verlore gegaan. Behalwe vir stapels drankpasse is daar dus feitlik niks uit die oorlogsjare, met die gepaardgaande opwinding, aandklokreëlings en konfiskasie van voorrade, wat vir die navorser van waarde kan wees nie.

Die versameling inkomende stukke bestaan uit duisende briewe van handelaars — hoofsaaklik van Port Elizabeth —, boere, die munisipaliteit, Afdelingsraad en so meer. Daar is ook pamflette, pryslyste, markberigte, telegramme, kwitansies en 'n horde stukkies papier met bestellings daarop wat deur bodes na die winkel gebring en sorgvuldig in pakke bewaar is. Etlike duisende tjeks, teenblaaie in tjekboeke en ander bankdokumente bevat ook nuttige inligting. Die konsentrasie van tjeks in sekere jare (soos 1879-1894 en weer in 1907-1908) is 'n aanduiding dat derduisende tjeks òf nie geberg is nie, òf weggeraak het. In hierdie opsig is die versameling dus redelik onvolledig. Nog 'n waardevolle vonds vir diegene wat in die ekonomiese geskiedenis van dié streek belangstel, is die groot aantal boeke van die handelaars. Dit bevat lang lyste bestellings, aankope, voorraadopnames en die pryse van handelsartikels — van *borst droppels* en Kaapse brandewyn tot Bybels! In die sogenaamde *day books* kom die name voor van klante wat goedere op skuld gekoop het, met die gekoopte artikels en pryse daarvan sorgvuldig aangeteken. Ander boeke verstrek slegs die name van klante en hul uitstaande skuld.

Handelaars op die platteland het gewoonlik groot hoeveelhede plaasprodukte aangekoop. Aankoop- en versendingsregisters asook geleibriewe dui daarop dat die distrik Willowmore se vroeë ekonomie op volstruisvere, wol en bokhaar berus het. Die massa geleibriewe vir die vervoer van goedere na en van die dorp bied ook 'n interessante blik op tariewe en die aard van die verbruiksartikels. Die name, handtekeninge of kruisies van transportryers wat 'n belangrike en onmisbare rol in die vervoerekonomie gespeel het, kom algemeen op die geleibriewe voor.


'n Reeks dokumente wat spesiale vermelding verdien, veral omdat versamelaars so min daarvan besit, is dié wat op die handel in buskruit, slagdoppies, lood, ammunisie en gewere betrekking het. Permitte vir die vervoer van buskruit en die aankoop daarvan, elk deur 'n vrederegter onderteken, verstrek (tesame met die volledige buskruitregister vir 1863 tot 1879) die name van tientalle boere en jagters. 'n Voorlopige studie van aspekte van die handel in gewere en ammunisie het alreeds 'n onverwagte bonus opgelewer toe 'n kruithuis waarna in korrespondensie verwys word, onlangs inderdaad as 'n verlate en vergete geboutjie op Willowmore geïdentifiseer is.


## FISIESE TOESTAND VAN DIE VERSAMELING

Wat die oorspronklike verpakking en bewaring van die dokumente betref, is inkomende briewe, pryslyste, markberigte, kwitansies en ander stukke volgens aard in pakkies vasgebind. Briewe is eers uit die koeverte gehaal, toegevou en netjies opmekaar gepak en vasgebind of in pakke toegerol. Koeverte is weggegooi en daarmee saam ook duisende kosbare Kaapse posseëls. Seëlversamelaars op soek na enkele oorblywende posseëls het in die verlede die dokumente

[6] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III* (Kaapstad, 1977), pp. 412-413.

*Een van die duisende ou tjeks in die versameling.*




No. ... WILLOW MOORE, ... 186..
Received in good order from Messrs. FAEHSE & FITTIG,

| MARKS. | NOS. | DESCRIPTION. | WEIGHT. |
|---|---|---|---|
| | 13 | ... | |
| | 100 | ... | 5204 |

And which I engage to deliver in like good order at the Stores of Messrs. N. Adler & Co.
in Port Elizabeth
Carriage at the rate of ... payable on delivery.
WITNESS: J. Barkhuizen

*Die teenblad van 'n geleibrief wat aan 'n transportryer gegee is.*

meermale deurmekaargekrap en verstrooi sodat dit ongesorteerd agtergelaat is. Nietemin het 'n paar pakkies en rolle briewe en kwitansies gelukkig onaangeraak gebly.

Die lang periode van berging op 'n warm solder in Willowmore se droë klimaat het meegebring dat van die dokumente redelik hard en bros geword het. Daar sal dus van spesiale tegnieke gebruik gemaak moet word om die pakke briewe oop te rol, uit te stryk en plat te hou. Hoewel knaagdiere, insekte en water relatief min skade aangerig het, is party boeke en dokumente ietwat gehawend en gedeeltelik onleesbaar. Die lae fyn stof waarmee alles oortrek was, is egter so te sê alles verwyder tydens die verpakking in Willowmore en met die voorlopige sortering in Bloemfontein.

## NAVORSINGSWAARDE EN TOEGANKLIKHEID


Vir die navorser wat Willowmore se verlede wil bestudeer, bestaan daar reeds 'n groot hoeveelheid bronne. In die Kaapse Argiefbewaarplek, byvoorbeeld, berus die argiewe van die landdros (1874-1976), die munisipaliteit (1894-1940) en die Afdelingsraad (1882-1933), sowel as 'n diverse groep dokumente.[7] Die *Willowmore Chronicle and Boerenvriend* en die *Cape of Good Hope Government Gazette* bevat ook nuttige inligting, terwyl enkele sekondêre bronne oor die geskiedenis van die dorp en Nederduitse Gereformeerde gemeente beskikbaar is.[8]

In die Willowmore-versameling is inligting vervat wat nêrens elders bewaar gebly het nie. Korrespondensie met die munisipaliteit, Afdelingsraad, inkomstekantoor, magistraat en sentrale regering werp lig op die plaaslike administrasie, terwyl ekonomiese bedrywighede afgelei kan word uit die reekse dokumente waarna vroeër verwys is. Dit onthul voorts dat die ekonomiese invloedsfeer van die Willowmore-handelaars selfs so ver as die huidige distrikte Prins Albert, Aberdeen, Steytlerville en Uniondale gestrek het en dat die firmas asof deur 'n naelstring aan groter ondernemings in Port Elizabeth verbind was. Hierdie ekonomiese interafhanklikheid moet nog verder bestudeer en uitgepluis word.

Genealogiese gegewens oor vanne soos Craill, Diederichs, Dorfling, Hayward, Hitge, Laas, Marincowitz, Moore, Puth, Schutte en Stegmann kom in die versameling voor. Die groot aantal name van dorpenaars, boere, bywoners, Swartes en sogenaamde Kleurlinge behoort ook vir die demograaf van waarde te wees omdat amptelike lyste en almanakke gewoonlik nie die name van alle bevolkingsgroepe vermeld het nie.

Gegewens oor wat mense gekoop, geëet en gedrink het, kom ruimskoots in die Willowmore-dokumente voor. Dit is van besondere betekenis vir die kultuurhistorikus, volkskundige en diegene wat in die sosiaal-ekonomiese geskiedenis belangstel. Ook die taalkundige behoort waarde te put uit die briewe en notas deur plattelandse pioniers wat geskryf het soos hulle praat. Hierdie 'Afrikaans-in-wording' lewer talle interessanthede op omdat dit taamlik afwyk van die geforseerde soort Nederlands (Hooghollands) wat lank die amptelike skryftaal was.

Uit die versameling ontvou ook 'n duidelike beeld van 'n tipiese plattelandse handelaar: hy het belasting betaal aan die staat, Afdelingsraad en die munisipaliteit; hy was lid van die plaaslike losie en die *Willowmore Public Library*; sy kinders was in die *Willowmore Public School* en by geleentheid selfs in Graaff-Reinet onder die wakende oog van *miss* Helen Murray van die *Midland Ladies' Seminary*. Die handelaar het gemeenskapsdiens verrig deur in die stadsraad en Afdelingsraad te dien; as geldskieter en nie-amptelike bankier het hy sy klante deur moeilike tye gedra en in die proses soms self swaargekry; vir ontspanning het hy krieket en tennis gespeel, gefuif en gejag ...


Please give bearer
One Bottle ...
One Pack Snider Cartridges
Four Bundles Forage
for my a/c
27.5.79 ...

*Voorbeeld van 'n bestelbriefie (Mei 1879).*

Ten spyte van voorafgaande moet die nutswaarde van die dokumentvonds nie oorskat word nie omdat dit steeds saam met ander bronne bestudeer behoort te word. Tog stel die ontdekking van 'n reeks "nie-amptelike, onkonvensionele dokumente" soos hierdie die navorser in staat om 'n meer geïntegreerde beeld van die landelike, agrariese samelewing[9] van Willowmore te skep.

Die dokumentversameling word tans deur die outeur in Bloemfontein bewaar en kan deur navorsers en belangstellendes geraadpleeg word.[10] Alles sal egter eers behoorlik gesorteer en geklassifiseer moet word voordat daar van optimale benutting van die Willowmore-argief sprake kan wees.

[7] Mededeling deur die Hoof, Kaapse Argiefbewaarplek, 20.3.1986.

[8] STEYN, *op. cit.*; *Eeufees Willowmore*, 1984 (Munisipaliteit Willowmore, s.j.)

[9] C.C. ELOFF, Agrariese geskiedenis en streekhistoriese navorsing, *Contree* 14, Julie 1983, pp. 29-30. Kyk ook *Contree* 19, Januarie 1986, p. 3 (Redaksioneel).

[10] Daar kan telefonies met die skrywer in verbinding getree word by (051) 401-2374.